

28 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Jakobus 1:2-8
Fokusgedeelte: Jakobus 1:2 (1983-vertaling)

Wees bly wanneer jy in jou geloof getoets word

Met die eerste oogopslag lyk dit vir ons of ons 'n teenstrydige opdrag ontvang. Wees bly – wanneer dit swaar gaan. Hoe is dit moontlik? Hoe kan ek bly wees as 'n geliefde siek is? Hoe kan ek bly wees as ek my werk verloor? Hoe kan ek bly wees as my kinders (of ouers) my teleurstel? Wees bly, wees vrolik, wees opgewonde wanneer jy beproef word! Dit klink amper of Jakobus ongevoelig is teenoor mense wat swaarkry.

Hier gaan dit egter oor dinge wat my geloof op die proef stel, dinge wat my geloof toets. Dinge wat my verhouding met die Here kan beïnvloed. Dit is 'n toets wat voortdurend met ons plaasvind. Dis op sigself 'n bewys dat die Here heelyd met ons besig is en ons nie sommer maar net alleen los nie.

Hoekom moet ek dan bly wees? Baie van hierdie toetse is dan so geweldig moeilik en dit is nie lekker om daaraan onderwerp te word nie. Wanneer ons so redeneer, fokus ons dalk verkeerd, want daar is 'n rede hoekom ons moet bly wees wanneer dit met ons swaar gaan. Dit is om ons geestelik sterk te maak, sodat ons geestelik volwasse kan word. Wanneer ons getoets word, word ons in werklikheid getoets om te volhard. Om aan te hou en uit te hou en vol te hou en vas te hou. In volharding leer ons ook ons tekortkominge en wil God ook hê dat ons Hóm om wysheid vra wanneer ons in ons beproewinge swaarkry – met 'n belofte! Dat Hy hierdie wysheid aan ons sál gee om hierdie toetse te kan deurstaan en sodoende sterker anderkant kan uitkom.

Wanneer daar dan swaarkrydae op jou pad kom, neem dit met blydschap aan en weet dat dit tot jou eie voordeel sal strek. Wees bly wanneer jy in jou geloof getoets word!

Sing: Psalm 46-1:1, 6

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)